

Sing vooraf staande: Psalm 27:5 (p. 127)

- 5 Verlate 's ek van vader en van moeder; / tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder, / wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer, / omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van 'n wrede teenparty, / en wil my van die valse tong bevry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:11 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, overhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Skriflesing: 1 Petrus 1

Teks: 1 Petrus 1:2; Kategismus Sondag 8

... uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word! (1 Petrus 1:2 AFR1953)

Ons aanbid die Drie-Enige God wat ons aan die begin van elke erediens in sy Drie-Eenheid seënend groet, en ons weer aan die einde van die diens met sy seën wegstuur om in die wêreld met sy seën te gaan lewe.

Omdat daar soveel seën van God af op die kerk afkom, moet die kerk die Here ook reg ken en reg bely en moet die prediking die Here ook in sy ware Godheid verkondig.

Om God reg te kan ken, het ons net een bron waaruit ons Hom kan ken, en dit is Hyself wat Hom aan ons openbaar. Hy openbaar Hom op verskillende maniere aan ons.

- Hy openbaar Hom in sy Woord. Dit is die Bybel.
- Saam met die Woord gaan die inwerking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is God self wat in ons werk.
- Dan openbaar die Here Hom ook nog deur die natuur waar ons in die skepping kan sien wie Hy is en hoe magtig Hy is.

Romeine 1:18-20 leer ons dat dinge soos die ewigdurende krag van God en dat Hy waarlik God is, uit die skepping geken kan word. Die Bybel voeg dan by dat daar dus vir geen mens 'n verskoning is as hy God nie geken en aanbid het nie.

Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; (Romeine 1:18-20 AFR1953)

Deur al hierdie dinge in die Bybel openbaar God Homself as ons Vader. Dis waarom ons elke Sondagoggend ons erediens begin met 'n jubelende belydenis: Ek glo in God die Vader! Die Almagtige! Die Skepper van hemel en aarde!

Ek glo in God wat alles geskape het tot sy eer.

- Dié Hemelse Vader wat vir ons 'n skepping voorberei het sodat ons daarop mag woon. Ons bely Hom as die Almagtige omdat Hy alles wat bestaan uit niks geskape het, en omdat Hy alles nog steeds in stand hou en regeer.
- Ons glo in God ons Vader wat in die sakramente sy Vaderskap oor ons bevestig deur die dood van sy Seun.
 - Al twee die sakramente – Doop en Nagmaal – wys op die versoeningsbloed van ons Here Jesus Christus.

Teenoor hierdie almagtige God staan ons.

- Ons staan nie net onmagtig nie. Ons staan inderdaad pateties onmagtig voor Hom.
- Ons kan nie iets skape nie.
- Ons kan nie lewe maak nie.
- Ons kan nie eers die skepping oppas soos wat die Here ons beveel het om te doen nie.

Daarom is daar vir ons soveel troos daarin dat ons God die Almagtige as ons Vader kan bely.

- Hy, met daardie Goddelike almag van Hom, ruk my met sy Vaderlike beskerming uit die sonde uit.
- Hy gaan my liggaam, wat na my dood begrawe gaan word, aan die einde van die aardse tyd uit die aarde tot lewe beveel.

Ek weet dat hierdie almagtige Vader my tydens my aardse lewe deur my beproewinge gaan dra.

- Ek weet dat God se almag my in die ewigheid met heerlijkheid gaan beklee.
- Deur die Here Jesus Christus maak hierdie Almagtige my sy kind – ek wat eintlik net tot sonde in staat is.

Dit bring ons by die toepassing van hierdie saak: Ons lewe is nie altyd reg nie. Dikwels kamp ons God en Satan saam in ons lewe in.

- Ons sê ons glo, maar ons doen dinge wat nie pas by mense wat kinders van die Almagtige Vader is nie.
- Ons maak soms asof God ons Vader nie ons moedswilligheid kan of sal straf nie.

Daar is iets wat ons by al hierdie waarhede moet begryp:

- Die feit dat die Here Jesus Christus ons God se kinders gemaak het, maak dat God ons juis sal straf tot bekering.
- Hy wil nie ongehoorsame kinders in sy huishouding hê nie.

In die gedeelte wat ons gelees het, vra die apostel Paulus vir die Grieke wat in Korinte bly hoe op aarde hulle dit kan regkry om met die een hand aan God vas te klou, en met die ander hand aan die sonde.

- Hy sê dat dit tog onmoontlik is dat God 'n bondgenootskap met die Satan kan aangaan.
- Dit beteken maar net dat dit nie moontlik is dat 'n gelowige soos 'n wêreldmens kan lewe nie.

Ons bely dat ons glo in God die almagtige Vader wat die Skepper van hemel en aarde is.

- Daarom moet ons na onself kyk en sien of ons leef en lyk soos mense wat kinders van hierdie God en Vader van ons belydenis is en aan Hom behoort.
- Die almag en die Vaderskap van God beteken nie dat Hy altyd gaan aanhou om verdraagsaam te wees teenoor die sonde nie.

Ons moet onthou dat die oordeel oor die sonde en die magte van die hel ook onder die almag van God val.

- Dit is die almag van God wat hierdie magte in die doderyk gaan beseël tot in ewigheid.
- Dis met almag wat God die Vader oor die mense wat geen berou het oor hulle sondes nie, sy straf gaan uitoefen.

Ons mag nie liefdeloos lewe nie, want ons kan mos nie bely dat ons beeldraers van hierdie almagtige God is, maar ons verdra nie ander mense nie. Ons moet ook genade en skuldvergewing uitleef.

Die Skepper kyk na ons.

Die Vader versorg ons.

Die Almagtige skenk aan ons die ewige lewe.

Kom ons lees ons belydenis, die Heidelbergse Kategismus Sondag 8, saam.

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

(a) Deut 6:4; Ef 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; 1 Joh 5:7; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Ef 2:18; Tit 3:5, 6.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 150:1-3 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 2 Loof God met basuingeklank! / Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit! / Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare! / Al wat klank het – laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor / van 'n juigend-blye skare!
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 10 April 2011
Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 1 Junie 2014